# Die Byekorf



**2017/02/01** **Standerton Akademie**

**04/17**

Geagte ouers

**Suidstreek Atletiekbyeenkoms**

Baie dankie aan al ons ouers wat so hard gewerk het met die afgelope byeenkoms. Met al die positiewe terugvoer wat ons van die ander skole ontvang weet ons sommer dat dit 'n baie suksesvolle dag was. Baie geluk aan die 48 atlete wat kwalifiseer om op 18 Februarie 2017 deel te neem aan die Oos-Transvaal byeenkoms te HTS Middelburg. Al die atlete het reeds al die nodige inligting rondom die plek en tye ontvang. Atlete sal eerskomende Donderdag hoor aan watter items hulle gaan deelneem.

Die top 10 atlete van Saterdag se byeenkoms is as volg:

1. Marla de Jager 802
2. Lianné J van Rensburg 765
3. Anke Jv Rensburg 722
4. Duan Burger 710
5. Alma Hipkin 655
6. Elré labuschagne 652
7. Chanel Nichols 648
8. Danielle Hattingh 619
9. Vicky van der Westhuizen 607
10. Lara Pretorius 592

**Top 10 atlete!**



**Ken-mekaar-aand**

U word herinner aan die ken-mekaar-aand eerskomende Donderdag, 2 Februarie 2017. Ouers u moet stiptelik om 18:00 by die skool wees waartydens daar inligting aan u verskaf sal word aangaande die buitemuurse aktiwiteite asook die OR verkiesing. Na afloop van die samekoms in die saal sal u die geleentheid kry om die onderwysers in die klasse te gaan ontmoet vir 30 minute. Onderwysers sal hier aan u alle inligting deurgee wat nodig is vir die jaar asook die ouer-klasverteenwoordiger kies. U word na afloop van die klasbesoek uitgenooi na die bring en braai byeenkoms. Die skool verskaf al die bykosse, u moet slegs u eie vleis, drinkgoed, eetgerei en stoele saambring. Let wel: die skool sal ook aan al die leerlinge 'n worsbroodjie gee terwyl u by die onderwysers is.



**Johann Schoonraad, Marla de Jager en Machiel Griesel verbeter rekords tydens die Suidstreek atletiekbyeenkoms.**

**Omgeedag 14 Februarie 2017**

Omgeedag word gehou op 14 Februarie 2017. Dit beloof om 'n dag vol pret vir al die leerders te wees. Om elke leerder verder spesiaal te laat voel wil ons u as ouers vra om ons asseblief daarmee te help. Elke leerder het 'n naam van 'n ander leerder uit 'n hoed getrek. Die leerder wat dan die naam getrek het moet asseblief vir die leerder wie se naam hy / sy getrek het 'n **KLEIN** geskenkie, kaartjie of prentjie koop of maak. Dit moet dan in die boks by die kantoor geplaas word voor of op 10 Februarie. Die naam, van en graad van die leerder vir wie dit is moet asseblief daarop wees. Al die geskenkies, kaartjies en prentjies sal dan aan leerders uitgedeel word op omgeedag.

Die dag sal verder ook 'n toneelspel, skattejag en sjokolade fontein insluit. Verdere reëlings in verband daarmee sal nader aan die tyd deurgegee word. Ouers ondersteun ons asseblief met hierdie projek.

**Standerton Akademie ondersteunerspette**

Na afloop van Saterdag se atletiekbyeenkoms was daar baie ouers wat navrae gerig het aan die skool vir die aankoop van pette vir mans en dames. Indien u sou belangstel om hierdie pette aan te koop kontak asseblief Daleen Podges nie later as Vrydag, 3 Februarie 2017 vir bestellings. Manspette is beskikbaar teen R 80 en die damespette teen R 50.

**Verjaarsdae**

Baie geluk aan al ons leerlinge, ouers en onderwysers wat vanaf 1 Febuarie tot 7 Februarie verjaar.
Mag die Here u seën.

| Leerlinge | Ouers en Onderwysers |
|---|---|
| 1 Febuarie : Daniel Roberts<br>3 Febuarie : Stian Pretorius | |

**Belangrike datums**

| | |
|---|---|
| 2 Februarie | Ken-mekaar-aand |
| 18 Februarie | Oos-Transvaal Atletiek te HTS Middelburg |
| 24, 25 en 26 Februarie | Majuba naweek |
| 20 en 21 Maart | Geen skool |
| 31 Maart | Skool sluit |
| 31 Maart en 1 April | SA Atletiek te Sasolburg |
| 18 April | Skool heropen |

GROETE

S. Swanepoel



**Ons rugbyveld in wording.**